

Vlam in die sneeu. Die liefdesbriewe van André P. Brink en Ingrid Jonker.

Francis Galloway (red.). Kaapstad: Umuzi, 2015. 450 pp.

ISBN: 978-1-4152-0881-6. Spesiale uitgawe ISBN: 978-1-4152-0893-9.

DOI: <http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v53i2.20>

Die romantiese verhouding tussen André P. Brink en Ingrid Jonker was vir dekades 'n aanloklike enigmatiese eienskap van albei hierdie literêre figure se openbare personas. In Brink se memoir, *'n Vurk in die pad* (2009), skryf hy dat hy hom deur die jare sedert Jonker se selfmoord in 1965 doelbewus opsy gehou het van alle pogings om haar "op te roep" (102). Die opgewekte weergawe van Jonker is, soos Brink skryf, nou al vir dekades deur baie mense "vir hul eie doeleindes gekoöpteer"—hoofsaaklik weens die verromantiseerde fatalisme van haar as die misverstane digter, dogter en minnares.

Een van die hoogtepunte van die fassinatie met Jonker se lewensloop en digkuns is *Ingrid Jonker. Beeld van 'n digterslewe* (2003), Petrovna Metelerkamp se biografie van Jonker. Totdat Brink ná baie jare sy stilte verbreek het en in sy memoir 'n hoofstuk aan Jonker gewy het, kon nuuskieriges maar bloot dié twee Sestigters se beweerde driftige verhoudingsgang verbeel met behulp van die inligting wat beskikbaar was uit ander bronne. Ná die verskyning van Brink se memoir publiseer Jacana ook Louise Viljoen se kort biografie *Ingrid Jonker: A Jacana Pocket Biography* (2012).

In *Vlam in die sneeu* kry lesers dan vir

die eerste maal indringende toegang tot Brink en Jonker se verhouding in hulle eie woorde, vergesel van 'n aantal foto's en faksimilees van 'n paar briewe en telegramme. Soos Willie Burger in sy knap voorwoord tot die versameling aandui, kan hierdie stel briewe gelees word as 'n soort roman (7). Hier ontstaan dan myns insiens vir die leser belangrike vrae: Moet ons *Vlam in die sneeu* lees as niefiksie, as bloot dokumentêre bewyse dat die regte persone Brink en Jonker wel geleef het en 'n vurige verhouding gehad het? Óf lees ons die boek as 'n roman; as die storie oor die karakters André en Ingrid, met vertellers, en, vernaamlik, outeurs? Is so 'n onderskeid enigsins moontlik?

In die geval van die briewe as literêre-historiese artefakte betree die meeste lesers weens die belangstelling in Jonker se lewe hierdie boek met 'n bepaalde verwagtingshorison, ingeklee deur bestaande kennis, waarin die belangrikste besonderhede van die twee figure se romantiese—maar ook literêre—betrekkinge reeds rofweg geskets is. Benewens die leser se interesse in die persoonlike wêreld van die werklike liefdesverhouding, bevat hierdie briewe 'n blik op 'n dekade wat bepalend sou word vir die (Suid-)Afrikaanse letterkunde. Dit is dan nie verbasend nie dat ander bekende figure wat 'n indruk op die lewens en loopbane van Brink en Jonker sou maak ook bespreek word. Talle verwysings na vriendskappe en ontmoetings met invloedrykes soos Etienne Leroux, Jan Rabie, Marjorie Wallace, Bartho Smit, en Rob Antonissen kom voor, terwyl die groeiende mag van die destydse sensuur-

raad ook telkens onder Brink en Jonker se kritiese blik deurloop.

Lees 'n mens *Vlam in die sneeu* as briefroman, is die sentrale karakters én vertellers natuurlik Brink en Jonker. Die verhaal begin met Brink se eerste brief, gedateer 21 April 1963, kort na sy eerste ontmoeting met Jonker aan huis van Rabie en Wallace, tot en met Brink se laaste brief, gedateer 27 April 1965, waarin hy die verhouding met haar op taamlik melodramatiese wyse beëindig. Vanaf die aanhef van Brink se eerste brief, "Heerlike klein mens" (21), tot en met die aanhef van sy laaste, "Lief kind" (442), is dit duidelik dat die leser hier toegang kry tot 'n komplekse en intieme vervlegting van emosies en kunstenaarskap. Die intensiteit van die vurige verhouding, met alle verwagte emosionele en seksuele vertroulikheid, speel natuurlik af teen die agtergrond van die lewens van twee ontluikende skrywers. Die spanning wat in die verhouding tot stand kom, het dan in die eerste instansie te doen met die afstand tussen die minnaars; Jonker woon in Kaapstad en Brink in Grahamstad. Gevolglik word sommige briewe laat gelewer en beplande telefoonoproepe wil net nie tot suksesvolle voltoering kom nie. Wanneer daar wel geleentheid is vir 'n ontmoeting in Kaapstad, wissel die samesyn tussen amper roekelose verliefdheid en vernietigende rusie. Hiermee saam is dan ook 'n aantal sekondêre karakters; verhoudings waaruit daar ook spanning voortvloei. Voorop staan die minnaars se gesinne: Brink se eggenote en sy peuterseun, Anton, wat 'n voortdurende herinnering word van sy verantwoordelikhede as voorstedelike

famielman, en Simone, Jonker se jong dogtertjie uit haar gefaalde huwelik. Terwyl sy vir Brink sien, voer Jonker ook nog 'n aanhoudende stormagtige verhouding met die Engelstalige skrywer Jack Cope.

Soos verwag kan word van hierdie soort persoonlike briefwisseling, kom daar talle intieme beskrywings voor. Hieroor skryf Burger in sy voorwoord dat dit "die leser kan laat ineenkrim met 'n gevoel van ongemaklike skaamte [...] [d]ie manier waarop hy haar 'Kokon' ('Kokontjie' of afgekort, 'Kontjie') noem terwyl sy hom 'Papie' noem (en sy navraag telkens of daar al 'n 'vlindertjie' in haar is) en hoedat hulle praat oor sy semen as sy 'geheime' wat hy in haar los (en by geleentheid selfs as kolletjie op 'n brief vir haar stuur) en die verwysings na haar 'piepkuikentjie' wat kaalgeskeer is, steek waarskynlik vir baie lesers die grense van fatsoenlikheid oor." (17)

Ofskoon Burger hier gelyk het, blyk dit dat hierdie beeld van Brink as die intellektuele figuur in die leser se verwagtingshorison ook vrolik ondermyn word deur die herinnering dat hy eens jonk en laf was; vergelyk byvoorbeeld hoe Brink se poging om die seksuele ekstase te beskryf wat hy saam met Jonker ervaar, vasval in die spanning tussen 'n teer skets en iets wat amper in versigtige purper prosa ontaard: "Daardie heel éérste oomblik bly in sy intensiteit en wonder en afgwagting en in die hunkering-voor-die-onbekende hééltemal uniek. Onthou?: toe ons stil langs mekaar in die smal bedjie gelê het en jy my hand geneem en dit dáár neergelê het. Ek verloor alle selfbeheersing as ek daaraan dink!" (177)

Die verliefdes se gereelde verwysings na en aanhalings uit die digkuns, asook hulle besprekings van hulle eie en mekaar se werk gee die leser ook insae tot die konstruksie van Brink se romans en Jonker se poësie, terwyl die briewe ook bewerings bevestig dat hulle *Orgie* (1965) saam geskryf het. Om die briefroman en die literêre geskiedenis van mekaar geskei te hou, is makliker gesê as gedaan.

Brink het hom tot en met die laaste jare van sy lewe selde oor Jonker en hulle verhouding uitgelaat. Die publikasie van die briewe in *Vlam in die sneeu* blyk 'n poging te wees om Jonker vir haarself te laat praat. Hoewel ons hier met twee vertellers te make het, het dit my opgeval dat dit Brink se hand was wat met *Vlam in die sneeu* vir ons 'n verhaal gebou het. Brink het immers al die jare noukeurig die briewe tussen hom en Jonker bewaar (so ewe met afskrifte van sy eie briewe), en die publikasie daarvan het uiteindelik op sy opdrag geskied.

Hierdie teks is sonder twyfel besonder waardevol vir die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis. Die noukeurige werk van die redakteur, Francis Galloway, moet daarom geloof word. Daar moet egter genoem word dat hierdie belang tot die uiterste deur die uitgewer uitgebuit is, totdat dit haas teen Brink se stellings in sy memoir indruis: Benewens die standaarduitgawe van die boek verskyn daar 'n baie duur, beperkte en genommerde uitgawe, in 'n boekkoker uitgegee met 'n alternatiewe omslag, addisionele foto's, en 'n kitsch reproduksie van een van die betrokke briewe agterin. Dit wil voorkom asof hierdie versameling ook tot 'n mate

deel geword het van die bedryf rondom Jonker as kultusfiguur.

Die liefdesbriewe in *Vlam in die sneeu* spreek vanself, maar dié gesprek, as literêre geskiedenis, verhaal, en verbruikersprodukt, kom nie sonder 'n sweem bewuste gekunsteldheid nie.

Geraadpleegde bronne

Brink, André P. *'n Vurk in die pad: 'n memoir*. Kaapstad: Human & Rousseau, 2009.

Metelerskamp, Petrovna. *Ingrid Jonker. Beeld van 'n digterslewe*. Hermanus: Hemel & See, 2003.

Viljoen, Louise. *Ingrid Jonker: A Jacana Pocket Biography*. Johannesburg: Jacana, 2012.

Reinhardt Fourie

fourir@unisa.ac.za

Universiteit van Suid-Afrika

Pretoria